

ONGEOUDITEERDE TUSSENTYDSE GROEP RESULTATE

VAN MEDICLINIC INTERNATIONAL BEPERK
EN SY FILIALE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG **30 SEPTEMBER 2011**

HOOFTREKKE

- STEWIGE PRESTASIE DEUR AL DRIE BEDRYFSPLATFORMS
- BASIESE WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL STYG MET **19%**
- WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL STYG MET **10%**
- TUSSENTYDSE DIVIDEND PER GEWONE AANDEEL OP **23.0 SENT** GEHANDHAAF

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Onge- ouditeerd 30/9/2011 R'm	Onge- ouditeerd 30/9/2010 R'm	Geouditeerd 31/3/2011 R'm
BATES			
Nie-bedryfsbates	43 830	34 504	36 929
Eiendom, toerusting en voertuie	36 019	28 844	30 409
Ontasbare bates	6 684	5 398	5 565
Ander beleggings en lenings	893	22	712
Afgeleide finansiële instrumente	-	-	33
Uitgestelde inkomstebelastingbates	234	240	210
Bedryfsbates	7 132	6 362	6 608
Voorraad	600	516	522
Handels- en ander debiteure	4 037	3 241	3 796
Belegging in geldmarkfondse	860	-	723
Kontantmiddele	1 635	2 605	1 567
Totale bates	50 962	40 866	43 537
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE			
Totale ekwiteit	11 572	8 646	10 560
Aandelekapitaal en reserwes	10 394	7 665	9 489
Nie-beherende belange	1 178	981	1 071
Laste			
Nie-bedryfslaste	35 750	29 306	27 922
Lenings	25 485	21 169	20 414
Uitgestelde inkomstebelastingaanspreeklikhede	5 682	4 514	4 773
Aftreevoordeelverpligtinge	595	564	383
Voorsienings	234	167	182
Afgeleide finansiële instrumente	3 754	2 892	2 170
Bedryfslaste	3 640	2 914	5 055
Handels- en ander krediteure	2 711	2 247	2 938
Lenings	608	477	1 834
Voorsienings	117	71	89
Afgeleide finansiële instrumente	16	-	48
Inkomstebelastingaanspreeklikhede	188	119	146
Totale laste	39 390	32 220	32 977
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	50 962	40 866	43 537
Netto batewaarde per gewone aandeel – sent	1 656.8	1 227.2	1 516.7

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/9/2011 R'm	Styging %	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/9/2010 R'm	Geouditeerd Jaar tot 31/3/2011 R'm
Inkomste	10 467	19%	8 768	18 625
Koste van verkope	(5 968)		(5 009)	(10 327)
Administrasie- en ander bedryfskoste	(2 320)		(1 893)	(4 112)
Bedryfswins voor waardevermindering (EBITDA)	2 179	17%	1 866	4 186
Waardevermindering en amortisasie	(436)		(351)	(738)
Bedryfswins	1 743		1 515	3 448
Ander winste en verliese	(29)		-	13
Inkomste vanaf geassosieerde	-		-	4
Finansieringsinkomste	43		23	61
Finansieringskoste	(809)		(732)	(1 491)
Wins voor belasting	806		806	2 035
Inkomstebelastinguitgawe	(357)		(305)	(654)
Wins vir die tydperk	591		501	1 381
Toeskryfbaar aan:				
Aandeelhouders van die maatskappy	484		410	1 177
Nie-beherende belange	107		91	204
	591		501	1 381
Verdienste per gewone aandeel – sent				
– Basies	77.2	9%	70.7	195.3
– Verwaterde	74.2		67.4	186.9
Wesensverdienste per gewone aandeel – sent				
– Basies	77.2	10%	70.2	184.2
– Verwaterde	74.2		67.0	176.3
Genormaliseerde wesensverdienste per gewone aandeel – sent				
– Basies	77.2	10%	70.2	179.6
– Verwaterde	74.2		67.0	171.9
EBITDA REKONSILIASIE:				
Bedryfswins voor waardevermindering (EBITDA)	2 179		1 866	4 186
Aangepas vir:				
Verstreke dienskoste	-		-	(33)
Waardedaling van eiendom en toerusting	-		-	34
Versekeringsopbrengs	-		-	(84)
Genormaliseerde EBITDA	2 179	17%	1 866	4 103
VERDIENSTE REKONSILIASIE:				
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouders	484		410	1 177
Hermetings vir wesensverdienste	-		(3)	(77)
Wins met verkoop van eiendom, toerusting en voertuie	-		(1)	(4)
Wins met verkoop van regte	-		(2)	(2)
Wins met die aankoop van besigheids-verkryging	-		-	(21)
Waardedaling van eiendom en toerusting	-		-	34
Versekeringsopbrengs	-		-	(84)
Inkomstebelasting	-		-	10
Wesensverdienste	484	19%	407	1 110
Hermetings vir genormaliseerde wesensverdienste	-		-	(33)
Verstreke dienskoste	-		-	5
Inkomstebelasting	-		-	
Genormaliseerde wesensverdienste	484	19%	407	1 082

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/9/2011 R'm	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/9/2010 R'm	Geouditeerd Jaar tot 31/3/2011 R'm
Wins vir die tydperk	591	501	1 381
Ander omvattende inkomste			
Wisselkoersomrekeningsverskille	2 009	115	488
Billikewaarde-aanpassing aan kontantvloeiervkansings (na belasting)	(1 029)	(437)	246
Aktuariële winste en verliese (na belasting)	(179)	(183)	(73)
Ander omvattende inkomste/(verlies), na belasting	801	(505)	661
Totale omvattende inkomste/(verlies) vir die tydperk	1 392	(4)	2 042
Toeskryfbaar aan:			
Aandeelhouders van die maatskappy	1 195	(70)	1 877
Nie-beherende belange	197	66	165
	1 392	(4)	2 042

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE EKWITEITSTAAT

	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/9/2011 R'm	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/9/2010 R'm	Geouditeerd Jaar tot 31/3/2011 R'm
Openingsbalans	10 560	7 616	7 616
Aandele uitgereik	-	6	6
Premie op aandele uitgereik	-	1 358	1 358
Koste van aandele uitgereik	-	(33)	(33)
Beweging in aandele gehou in tesourie	5	15	23
Beweging in aandeelgebaseerde betalingsreserwe	3	-	6
Kapitaal bygedra deur nie-beherende belange	3	-	-
Nie-beherende belange verkry deur die Groep	-	-	(1)
Totale omvattende inkomste/(verlies) vir die tydperk	1 392	(4)	2 042
Verdeel aan aandeelhouders	(298)	(261)	(398)
Verdeel aan nie-beherende belange	(93)	(51)	(59)
Sluitingsbalans	11 572	8 646	10 560
Bestaan uit			
Aandelekapitaal	65	65	65
Aandelepremie	6 066	6 066	6 066
Tesourie-aandele	(283)	(296)	(288)
Aandeelgebaseerde betalingsreserwe	132	123	129
Buitelandse valutaomrekeningsreserwe	3 747	1 441	1 828
Verskansingsreserwe	(3 126)	(2 780)	(2 097)
Behoue inkomste	3 793	3 046	3 786
Aandeelhouersekswiteit	10 394	7 665	9 489
Nie-beherende belange	1 178	981	1 071
Totale ekwiteit	11 572	8 646	10 560

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEIESTAAT

	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/9/2011 R'm	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/9/2010 R'm	Geouditeerd Jaar tot 31/3/2011 R'm
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	858	864	2 316
Kontant deur bedrywighele voortgebring	1 913	1 742	4 179
Netto finansieringskoste	(744)	(669)	(1 368)
Belasting betaal	(311)	(209)	(495)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	(530)	(241)	(2 563)
Belegging om bedrywighele te handhaaf	(245)	(216)	(645)
Belegging om bedrywighele uit te brei	(318)	(141)	(778)
Opbrengs met verkoop van eiendom, toerusting en voertuie	11	3	24
Opbrengs met verkoop van FVTPL-bates	18	-	-
Versekeringsopbrengs	20	-	57
Opbrengs uit ander beleggings en lenings	1	113	120
Aankope van FVTPL finansiële bates	(26)	-	(688)
Aankope van geldmarkfondse	-	-	(672)
Rente ontvang	9	-	19
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	(491)	929	688
Verdelings aan aandeelhouders	(298)	(261)	(398)
Verdelings aan nie-beherende belange	(98)	(51)	(59)
Opbrengs van aandele uitgereik	-	1 364	1 364
Aandele-uitgiftekoste	-	(33)	(33)
Beweging in skuld	(91)	(105)	(208)
Gekapitaliseerde herfinansieringskoste	(11)	-	-
Opbrengs met verkoop van tesourie-aandele	14	15	23
Tesourie-aandele gekoop	(9)	-	-
Verkryging van nie-beherende belange	-	-	(1)
Opbrengs met verkoop van nie-beherende belange	2	-	-
Netto beweging in kontant en bankoortrekkings	(163)	1 552	441
Openingsaldo van kontant en bankoortrekkings	1 447	967	967
Wisselkoersfluktuasies op buitelandse kontant	160	(50)	39
Eindsaldo van kontant en bankoortrekkings	1 444	2 469	1 447
Kontant en kontantekwivalente	1 635	2 605	1 567
Bankoortrekkings	(191)	(136)	(120)
	1 444	2 469	1 447

VERKORTE SEGMENTVERSLAG

	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/9/2011 R'm	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/9/2011 R'm	R'm	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/9/2011 R'm
	Hospitaal Dienste	Hospitaal Eiendomme	Aanpassings en uitskakelings	Totaal
Inkomste				
Suider-Afrika	4 695	408	(408)	4 695
Midde-Ooste	771	28	(28)	771
Switserland	5 001	776	(776)	5 001
EBITDA				
Suider-Afrika	594	395		989
Midde-Ooste	92	28		120
Switserland	349	721		1 070
Bedryfswins				
Suider-Afrika	471	395		866
Midde-Ooste	47	28		75
Switserland	157	645		802
Bates				
Suider-Afrika	5 032	7 139	(5 833)	6 338
Midde-Ooste	1 185	863		2 048
Switserland	11 304	29 532		40 836
Korporatief				1 740
Laste				
Suider-Afrika	2 416	4 050	(1 055)	5 411
Midde-Ooste	598	296		894
Switserland	2 855	30 037		32 892
Korporatiewe				1
Intersegmentele laste				192
	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/9/2010 R'm	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/9/2010 R'm	R'm	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/9/2010 R'm
Inkomste				
Suider-Afrika	4 244	378	(378)	4 244
Midde-Ooste	611	30	(30)	611
Switserland	3 913	647	(647)	3 913
EBITDA				
Suider-Afrika	543	367		910
Midde-Ooste	61	29		90
Switserland	262	604		866
Bedryfswins				
Suider-Afrika	431	367		798
Midde-Ooste	25	29		54
Switserland	120	543		663
Bates				
Suider-Afrika	4 510	6 380	(5 121)	5 769
Midde-Ooste	907	747		1 654
Switserland	8 589	23 388		31 977
Korporatiewe				1 466
Laste				
Suider-Afrika	2 349	3 992	(931)	5 410
Midde-Ooste	438	283		721
Switserland	2 479	23 610		26 089

VERKORTE SEGMENTVERSLAG (vervolg)

	Geouditeerd Jaar tot 31/3/2011 R'm	Geouditeerd Jaar tot 31/3/2011 R'm	R'm	Geouditeerd Jaar tot 31/3/2011 R'm
Inkomste				
Suider-Afrika	8 632	760	(760)	8 632
Midde-Ooste	1 334	57	(57)	1 334
Switserland	8 659	1 326	(1 326)	8 659
EBITDA				
Suider-Afrika	1 150	737		1 887
Midde-Ooste	183	57		240
Switserland	834	1 225		2 059
Bedryfswins				
Suider-Afrika	921	737		1 658
Midde-Ooste	107	57		164
Switserland	527	1 099		1 626
Bates				
Suider-Afrika	4 937	6 872	(5 609)	6 200
Midde-Ooste	1 005	727		1 732
Switserland	9 812	24 338		34 150
Korporatiewe				1 455
Laste				
Suider-Afrika	2 381	3 973	(1 059)	5 295
Midde-Ooste	473	263		736
Switserland	3 176	23 923		27 099
Korporatiewe				4
Intersegmentele laste				(157)

ADDISIONELE INLIGTING

	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/9/2011 R'm	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/9/2010 R'm	Geouditeerd Jaar tot 31/3/2011 R'm
Kapitaalverpligtinge	2 054	1 901	2 393
Suider-Afrika	1 227	857	1 490
Midde-Ooste	15	13	9
Switserland	812	1 031	894
Wisselkoerse	R	R	R
Gemiddelde Switserse frank (ZAR/CHF)	8.25	6.96	7.11
Sluitings Switserse frank (ZAR/CHF)	8.96	7.18	7.42
Gemiddelde VAE dirham (ZAR/AED)	1.90	2.03	1.96
Sluitings VAE dirham (ZAR/AED)	2.20	1.90	1.85
Aandeel	Aantal '000	Aantal '000	Aantal '000
Getal gewone aandele uitgereik	652 315	652 315	652 315
Getal gewone aandele in tesourie gehou	(24 956)	(27 704)	(26 664)
Getal gewone aandele uitgereik na aftrekking van tesourie-aandele	627 359	624 611	625 651
Geweege gemiddelde getal gewone aandele uitgereik	626 692	579 965	602 467
Verwaterde geweege gemiddelde getal gewone aandele uitgereik	651 921	607 912	629 488

In die bepaling van basiese verdienste per aandeel en basiese wesensverdienste per aandeel, is die geweege gemiddelde getal uitgereikte gewone aandele in ag geneem.

KOMMENTAAR

Ons rapporteer graag dat die Groep sy bestendige groeipatroon gehandhaaf het.

GROEPOORSIG

Bedryfsresultate

Groepinkomste het met 19% tot R10 467m (2010: R8 768m) gestyg vir die ses maande onder oorsig. Bedryfswins voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie ("EBITDA") was 17% hoër op R2 179m (2010: R1 866m). Wesensverdienste het met 19% tot R484m (2010: R407m) gestyg. Basiese wesensverdienste per gewone aandeel het met 10% tot 77.2 sent (2010: 70.2 sent) gestyg.

Hierdie resultate is ondanks die voortgesette strawwe wêreldwye ekonomiese toestande behaal. Die laer groei van 10% in wesensverdienste per aandeel, teenoor die groei van 19% in wesensverdienste, is vanweë die toename in die geweege gemiddelde getal uitgereikte gewone aandele voortspruitend uit die regte-uitgifte van verlede jaar.

Die gemiddelde rand-wisselkoers vir die Switserse frank (CHF) was R8.25 teenoor R6.96 vir die vergelykende tydperk, wat 'n positiewe uitwerking op die gerapporteerde resultate gehad het, soos uiteengesit in die afdeling wat handel oor Hirslanden se finansiële prestasie.

Finansieringskoste

Ingesluit by die finansieringskoste is 'n bedrag van R40m (2010: R36m), wat die huidige periode se amortisasie verteenwoordig ten opsigte van verkrygingsfooie wat op die Groep se plaaslike en buitelandse skuld betaal is. Hierdie bedrae word oor die termyn van die betrokke lenings geamortiseer in ooreenstemming met toekomstige kontantbetalings soos voorgeskryf in IAS 39 Finansiële Instrumente.

Kontantvloei

Die Groep het gesonde kontantvloei gehandhaaf. Die Groep het 88% (2010: 93%) van EBITDA omskep in kontant wat deur bedrywighede voortgebring is. Kontant en kontantekwivalente het van R1 567m op 31 Maart 2011 toegeneem tot R1 635m op 30 September 2011.

Rentedraende lenings

Rentedraende lenings ("skuld") het van R22 248m op 31 Maart 2011 toegeneem tot R26 093m op 30 September 2011, hoofsaaklik as gevolg van die styging in die rand/CHF-sluitingswisselkoers. Dié koers het van R7.42 op 31 Maart 2011 gestyg tot R8.96 op 30 September 2011. Dit is belangrik om daarop te let dat die buitelandse skuld van die Groep se bedrywighede in Switserland en die Midde-Ooste, ten bedrae van R22 349m, verteenwoordig word deur buitelandse bates in dieselfde geldeenhede. Die buitelandse skuld het ook geen verhaalsreg van die Groep se Suider-Afrikaanse bates nie, soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank asook toepaslike finansieringsreëlings.

Bates

Eiendom, toerusting en voertuie het van R30 409m op 31 Maart 2011 tot R36 019m op 30 September 2011 toegeneem, en tasbare bates van R5 565m op 31 Maart 2011 tot R6 684m op 30 September 2011. Hierdie stygings is hoofsaaklik toe te skryf aan die verandering in die rand/CHF-sluitingswisselkoers, soos hierbo vermeld.

Dividend

Soos voorheen aangedui, beweeg die Groep na sy teiken-dividenddekking van drie keer gebaseer op die Groep se wesensverdienste. Die tussentydse dividend per aandeel word dus op 23.0 sent (2010: 23.0 sent) gehandhaaf en die raad sal die finale dividend op grond van die Groep se resultate vir die volle finansiële jaar hersien.

BEDRYWIGHED E IN SUIDER-AFRIKA

MEDICLINIC SUIDER-AFRIKA

Finansiële prestasie

Die Suider-Afrikaanse groep se inkomste het vir die ses maande onder oorsig met 11% tot R4 695m (2010: R4 244m) toegeneem. EBITDA was 9% hoër op R989m (2010: R910m).

Nadat waardeverminderingskoste van R123m (2010: R112m), netto finansierings-koste van R166m (2010: R174m) en belasting van R230m (2010: R195m) in ag geneem is, en die belang van minderheidsaandeelhouders in die toeskryfbare inkomste van die Suider-Afrikaanse groep ten bedrae van R76m (2010: R73m) afgetrek is, het die Suider-Afrikaanse bedrywighede R394m (2010: R356m) tot die toeskryfbare inkomste van die Groep bygedra.

Bedryfsprestasie

Die inkomstegroei van 11% is behaal deur 'n toename van 3.2% in beddae verkoop, 'n styging van 5.5% in die gemiddelde inkomste per beddag en 'n toename van 2.3% in ander inkomste. Die toename in gebruik was meer in mediese as in chirurgiese gevalle sigbaar. Die getal pasiënte wat toegelaat is, het met 2.4% gestyg terwyl die gemiddelde duur van verblyf met 0.8% toegeneem het.

Die Suider-Afrikaanse bedrywighede se EBITDA-marge het effens gedaal, van 21.4% tot 21.1%. Omdat huurinkomste nou as deel van inkomste getoon word, het dit 'n negatiewe impak van 0.2% op die marge gehad; voorts is die marge met nog 0.2% negatief beïnvloed deur die reglynige erkenning van 'n huur-uitgawe by die hernuwing van 'n beduidende huurkontrak.

Gedurende die oorsigperiode het die Suider-Afrikaanse bedrywighede R145m (2010: R86m) bestee aan kapitaalprojekte en nuwe toerusting om die besigheid uit te bou, asook R139m (2010: R119m) aan die vervanging van bestaande toerusting. Verder is R125m (2010: R128m) aan die herstel en onderhoud van eiendom en toerusting bestee, wat in die inkomstestaat erken is. Vir die huidige finansiële jaar word R599m begroot vir kapitaalprojekte en nuwe toerusting om die besigheid uit te bou, R237m word vir die vervanging van bestaande toerusting begroot, en R254m vir herstelwerk en onderhoud. Verhoogde EBITDA van onderskeidelik R43m en R65m voortspruitend uit kapitaalprojekte wat onderweg of goedgekeur is, word vir 2012 en 2013 begroot.

Die getal gelisensieerde hospitaalbeddens het gedurende die ses maande onder oorsig van 7 103 tot 7 115 toegeneem.

Gedurende die afgelope ses maande is bouprojekte by Mediclinic Stellenbosch (10 addisionele beddens), Mediclinic Paarl (2 addisionele beddens en 1 teater) en Mediclinic Kaapstad (nuwe spreekkamerblok vir dokters) voltooi.

Bouprojekte is tans onderweg by Mediclinic Kimberley (8 addisionele beddens), Mediclinic Kloof (32 addisionele beddens), Mediclinic Welkom (36 addisionele beddens en opgradering), Mediclinic Legae (4 addisionele beddens en opgradering), Mediclinic Potchefstroom (13 addisionele beddens), Mediclinic Hoëveld (27 addisionele beddens) en Mediclinic Otjiwarongo (2 addisionele beddens), wat in die volgende ses maande afgehandel sal word. Projekte by Mediclinic Nelspruit (66 addisionele beddens), Mediclinic Limpopo (60 addisionele beddens en opgradering), Mediclinic Cottage (14 addisionele beddens en opgradering), Mediclinic Louis Leipoldt (opgradering) en Mediclinic Hoogland (nuwe spreekkamerblok vir dokters en opgradering) sal in die 2013 finansiële jaar voltooi word en projekte by Mediclinic Pietermaritzburg (nuwe kardiologie-eenheid, 80 addisionele beddens, spreekkamers en opgradering) en Mediclinic Windhoek (26 addisionele beddens en spreekkamers) sal in die 2014 finansiële jaar afgehandel word.

Projekte is goedgekeur vir die bou van 'n nuwe hospitaal in Centurion (174 beddens), Mediclinic Stellenbosch (opgradering) en Mediclinic Milnerton (10 addisionele beddens). Hierdie projekte sal in die volgende 12 maande begin.

Die getal gelisensieerde beddens sal in die volgende ses maande na verwagting van 7 115 tot 7 237 toeneem.

Die Suider-Afrikaanse bedrywigheede het gesonde kontantvloei gehandhaaf, terwyl 96% (2010: 115%) van EBITDA omskep is in kontant wat deur bedrywigheede voortgebring is. Kontant en kontantekwivalente het van R755m op 31 Maart 2011 afgeneem tot R728m op 30 September 2011.

Rentedraende lenings het van R3 757m op 31 Maart 2011 tot R3 744m op 30 September 2011 gedaal.

Mediclinic Suider-Afrika het sy fokus op transformasie voortgesit en sy status as 'n vlak 3-bydraer volgens die telkaart vir breë-basis swart ekonomiese bemagtiging gehandhaaf.

Die langverwagte Groenskrif oor die voorgename instelling van 'n Nasionale Gesondheidsversekeringstelsel ("NGV") vir Suid-Afrika is op 12 Augustus 2011 uitgereik, en die publiek kan tot 30 Desember 2011 kommentaar lewer. Na die oorlegplegingsproses sal die regering 'n Witskrif finaliseer, waarna wetgewing opgestel sal word vir openbare kommentaar. Mediclinic Suider-Afrika en die Hospitaalvereniging van Suid-Afrika ("HVSA") is besig om omvattende voorleggings vir die Departement van Gesondheid voor te berei. Die Groenskrif gee redelike duidelikheid oor sekere kwessies, maar ander groot kwessies soos die koste-implikasies, die bron van befondsing, menslike hulpbronne, die voordeelpakket, betaling van verskaffers en prysvasstelling is nog onduidelik.

Mediclinic Suider-Afrika meen dat die benadering tot die inwerkingstelling van die NGV pragmaties is en ondersteun die gefaseerde implementeringsplan. Die aanvanklike fokus op primêre sorg en die voorgestelde instelling van sekere loodsprojekte is gepas. Mediclinic Suider-Afrika is van mening dat die voorgestelde implementering van die NGV nie beduidende implikasies vir die groep behoort te hê nie.

BEDRYWIGHEDE IN SWITZERLAND

HIRSLANDEN

Finansiële prestasie

Hirslanden se inkomste het vir die ses maande onder oorsig met 28% (8% teen konstante wisselkoerse) tot R5 001m (CHF606m) (2010: R3 913m (CHF562m)) gestyg. EBITDA was 24% (4% teen konstante wisselkoerse) hoër op R1 070m (CHF129m) (2010: R866m (CHF124m)).

Nadat waardeverminderingskoste van R268m (CHF33m) (2010: R203m (CHF29m)), netto finansieringskoste van R605m (CHF73m) (2010: R517m (CHF74m)) en belasting van R128m (CHF15m) (2010: R110m (CHF16m)) in ag geneem is, het Hirslanden R69m (CHF8m) (2010: R36m (CHF5m)) tot die toeskryfbare inkomste van die Groep bygedra.

Bedryfsprestasie

Die toelatings van binnepatiënte het gedurende die oorsigperiode met 6% gestyg. Hoewel die gemiddelde duur van verblyf redelik konstant gebly het, het die gemiddelde inkomste per beddag met 3% gestyg as gevolg van 'n groter verhouding van meer akute gevalle.

Die EBITDA-marge van die Groep het van 22.1% tot 21.4% afgeneem. Die EBITDA-marge is hoofsaaklik beïnvloed deur die pas verkreë Klinik Stephanshorn se laer bedryfsmarge, asook uitdagende toestande in die Wesstreek, wat sterk prestasie in die meeste ander hospitale in die groep teengewerk het.

Gedurende die oorsigperiode het Hirslanden R136m (CHF16m) (2010: R51m (CHF7m)) bestee aan kapitaalprojekte en nuwe toerusting om die besigheid uit te bou, asook R99m (CHF12m) (2010: R86m (CHF12m)) aan die vervanging van bestaande toerusting. Verder is R132m (CHF16m) (2010: R104m (CHF15m)) aan die herstel en onderhoud van eiendom en toerusting bestee, wat in die inkomstestaat erken is. Vir die huidige finansiële jaar word CHF72m begroot vir kapitaalprojekte en nuwe toerusting, CHF53m word vir die vervanging van bestaande toerusting begroot, en CHF33m vir herstelwerk en onderhoud. Verhoogde EBITDA van onderskeidelik CHF8m en CHF5m voortspruitend uit kapitaalprojekte wat onderweg of goedgekeur is, word vir 2012 en 2013 begroot.

Investering in nuwe tegnologie, wat vir nuwe behandelingsopsies en meer gevalle voorsiening maak, sluit 'n 3.0 tesla MRI-masjien by Klinik Hirslanden asook 'n 1.5 tesla MRI-masjien by Klinik St. Anna in, wat albei in 2011 in bedryf gestel is.

Die getal binnepasiënt-beddens wat ten volle in gebruik is, het gedurende die oorsigperiode van 1 457 tot 1 471 toegeneem. Klinik Beau-Site het in September 2011 die grootste deel van sy nuwe gebou geopen, met 14 addisionele beddens vir binnepasiënte. Nog 5 beddens is in Oktober 2011 bygevoeg, met 'n opsie vir nog 4 beddens vir die huidige finansiële jaar.

Gedurende die somermaande is groot opknappingsprojekte vir sale by Klinik Aarau en Klinik St. Anna voltooi. Die uitgebreide opgradering by Klinik Beau-Site gaan voort. Die nuwe gebou by Klinik Hirslanden vorder steeds goed en behoort in die Europese lente van 2013 in gebruik geneem te word. Die hospitaal sal met 71 binnepasiënt-beddens en 8 hoësoorg-beddens uitgebrei word en nuwe spreekkamers sal toegevoeg word. By Klinik Bois-Cerf sal die nuwe radiologie-afdeling na verwagting vroeg in 2012 in bedryf gestel word, en die radioterapie-afdeling teen einde 2012.

Hirslanden het 79% (2010: 70%) van EBITDA omskep in kontant wat deur bedrywighede voortgebring is. Die gekonsolideerde inkomtestaat is met 'n IAS 19 pensioenfondsaanpassing van R53m (CHF6.4m) (2010: R46m (CHF6.6m)) gekrediteer, wat die werkgewer se bydraes bo die huidige dienskoste verteenwoordig. 'n Daling van R104m (CHF12m) in handelskrediteure ten opsigte van groot boup projekte het 'n negatiewe uitwerking op die kontantomskopping gehad. Indien die IAS 19 nie-kontantvloei pensioenfondskrediet en die kontantvloei van die daling in handelskrediteure ten opsigte van boup projekte uitgesluit word, sou die Hirslanden-groep 92% van EBITDA omskep het in kontant wat deur bedrywighede voortgebring is.

Kontant en kontantekwivalente het van R699m (CHF94m) op 31 Maart 2011 toegeneem tot R775m (CHF86m) op 30 September 2011.

Rentedraende skuld het van R18 083m (CHF2 437m) op 31 Maart 2011 toegeneem tot R21 837m (CHF2 437m) op 30 September 2011, hoofsaaklik as gevolg van die styging in die sigkoers van die rand/CHF-wisselkoers.

Die wysigings aan die Switserse Gesondheidsversekeringswet ("KVG") wat teen einde 2007 deur die Parlement goedgekeur is, tree op 1 Januarie 2012 in werking. Daar is drie gebiede waar belangrike veranderings ingestel sal word:

- 1) Hospitaalfinansieringstelsel: nuwe reëls wat die befondsingverpligtinge van die kantons teenoor die gesondheidsversekeringsmaatskappye bepaal;
- 2) Vergoeding van diensverskaffers: instelling van 'n vergoedingstelsel op grond van diagnostiese verwante groeperings ("DRGs") vir die behandeling van pasiënte met basiese versekering; en
- 3) Toekenning van diensmandate: hersiening van die kantonhospitaallyste (diensmandate) vir die behandeling van pasiënte met basiese versekering, wat 'n hospitaal op die lys die reg gee om befondsing van die betrokke kanton te verkry.

Op al drie gebiede is heelwat vrae oor die implementering van die nuwe regulasies nog onbeantwoord.

Wat die nuwe reëls vir die finansiering van hospitale betref, is die fakturerings- en betaalproses vir die kantonbydraes in baie kantons nog nie gefinaliseer nie. Om korrekte, betroubare en tydige betalings aan diensverskaffers te verseker, moet die presiese reëls en meganismes nog voor einde Desember 2011 bepaal word.

Hoewel die voorbereidings vir die instelling van die Switserse DRG-stelsel goed vorder, is toepaslike basistariee nog nie gefinaliseer nie. Alhoewel sekere kantons reeds 'n konsep-hospitaallys vir 2012 gepubliseer het, wyk die reëls vir die opstel van hierdie lys dikwels ver af van die kriteria wat deur die federale wetgewer gespesifiseer is. Vir dié rede het Hirslanden formeel beswaar aangeteken teen 'n aantal kantonbesluite. Tot dusver is belangrike diensmandate in verskeie kantons aan Hirslanden toegeken. Hirslanden is vol vertroue dat addisionele mandate verkry sal word weens die besware wat geopper is. Bestuur fokus voortdurend daarop om te verseker dat hospitale in die groep gelys word, dat billike voorwaardes op hospitale met diensmandate toegepas word en dat redelike basistariee ingestel word.

Die implementering van die Tussenkanton-ooreenkoms oor Hoogs Gespesialiseerde Medisyne van 14 Maart 2008 gaan voort. Hirslanden het om mandate op sekere spesialisgebiede aansoek gedoen en teen beslissings in 'n aantal dissiplines beswaar aangeteken.

Die moratorium op die lisensiering van nuwe geneeshere sal nie ná 31 Desember 2011 verleng word nie. Dit is 'n baie positiewe ontwikkeling vir Hirslanden, aangesien dit 'n groot beperkende faktor vir groei uit die weg sal ruim. Voortaan sal samewerkingsooreenkomste met nuwe dokters gesluit en in werking gestel kan word.

BEDRYGWIGHEDE IN DIE VERENIGDE ARABIESE EMIRATE

EMIRATES HEALTHCARE

Finansiële prestasie

Inkomste het met 26% (35% teen konstante wisselkoerse) tot R771m (AED406m) (2010: R611m (AED301m)) gestyg vir die ses maande onder oorsig. EBITDA het met 33% (40% teen konstante wisselkoerse) tot R120m (AED63m) (2010: R90m (AED45m)) toegeneem en die EBITDA-marge het van 14.7% tot 15.6% gestyg.

Nadat waardeverminderingskoste van R45m (AED24m) (2010: R36m (AED18m)), netto finansieringskoste van R14m (AED8m) (2010: R18m (AED9m)) en die deel van minderheidsaandeelhouers in die toeskryfbare inkomste van Emirates Healthcare ten bedrae van R30m (AED15m) (2010: R18m (AED9m)) in ag geneem is, het Emirates Healthcare R31m (AED16m) (2010: R18m (AED9m)) tot die toeskryfbare inkomste van die Groep bygedra.

Bedryfsprestasie

Gedurende die oorsigperiode het die toelatings van binnepatiënte in die hospitale met 25% (2010: 22%) toegeneem, terwyl buitepasiënt-konsultasies en besoeke aan die noodeenhede met 15% (2010: 6%) gestyg het. Buitepasiënt-konsultasies by die klinieke het met 87% gestyg (2010: gedaal met 2%), hoofsaaklik as gevolg van die toevoeging van die drie Emaar-klinieke in Januarie 2011.

Die getal gelisensieerde hospitaalbeddens het gedurende die oorsigperiode konstant op 336 beddens gebly.

Gedurende die oorsigperiode het Emirates Healthcare R8m (AED4m) (2010: R4m (AED2m)) bestee aan kapitaalprojekte en nuwe toerusting om die besigheid uit te bou, asook R6m (AED3m) (2010: R11m (AED5m)) aan die vervanging van bestaande toerusting. Verder is R15m (AED8m) (2010: R10m (AED5m)) aan die herstel en onderhoud van eiendom en toerusting bestee, wat in die inkomstestaat erken is. Vir die huidige finansiële jaar word AED8m begroot vir kapitaalprojekte en nuwe toerusting om die besigheid uit te bou, AED29m word vir die vervanging van bestaande toerusting begroot, en AED18m vir herstelwerk en onderhoud.

Emirates Healthcare het 97% (2010: 97%) van EBITDA omskep in kontant wat deur bedrywighede voortgebring is. Kontant en kontantekwivalente het van R114m (AED61m) op 31 Maart 2011 toegeneem tot R132m (AED60m) op 30 September 2011.

Rentedraende lenings het van R408m (AED221m) op 31 Maart 2011 toegeneem tot R512m (AED233m) op 30 September 2011, hoofsaaklik as gevolg van die verandering in die rand/AED-sluitingswisselkoers.

VOORUITSIGTE

Die Groep bly uniek geposisioneer oor drie uiteenlopende internasionale bedryfsplatforms, met bestendige en ervare bestuurspanne in plek. Die Groep fokus steeds op sy kernbesigheid om sy visie te verwesenlik, naamlik om internasionaal gerespekteer te word en plaaslik verkies te word. Die Groep gaan voort om sy kollektiewe intellektuele kapitaal en kragte te konsolideer met die doel om 'n hoogs aangeskrewe internasionale hospitaalgroep te vestig met 'n baie spesifieke fokus op die kostedoeltreffende lewering van gehalte gesondheidsorg.

Hoewel reguleringskwessies onsekerhede skep (op die oomblik veral in Switserland), is ons optimisties oor die toekoms van ons ondernemings in al drie platforme. Dit word ondersteun deur

ons voortgesette wesenlike beleggings om kapasiteit in al drie platforms uit te bou. Die Groep monitor deurentyd die regulatoriese omgewing en neem proaktief deel aan gesprekke met regulatoriese liggame om besluitneming te beïnvloed en 'n beter begrip te kry van veranderings wat 'n impak op die Groep kan hê.

Die beskikbaarheid van genoegsame opgeleide mediese personeel in Suid-Afrika bly 'n uitdaging en ons gaan voort met beduidende beleggings in die opleiding van ons personeel. Ons ondersteun ook die Minister van Gesondheid se onlangse aankondigings om die kapasiteit van mediese en verpleegskole uit te brei om meer professionele persone op te lei.

Die Groep bly positief oor sy bedryfsvooruitsigte vir die volgende ses maande.

VOORBEREIDINGSGRONDSLAG

Die rekeningkundige beleid wat met die opstel van hierdie verkorte groep tussentydse finansiële state gevolg is, wat op redelike oordele en beramings berus, is in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) en strook met die beleid wat in die geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2011 aanvaar is. Die verkorte groep tussentydse finansiële state is opgestel ooreenkomstig IAS 34 Tussentydse Finansiële Verslagdoening asook in ooreenstemming met die Maatskappywet 71 van 2008 en die Noteringsvereistes van die JSE Beperk. Die opstel van die verkorte groep tussentydse finansiële state het onder toesig van die Hoof Finansiële Beamppte, mnr CI Tingle (GR (SA)), plaasgevind.

DIVIDEND AAN AANDEELHOUDERS

Die raad van direkteure het 'n tussentydse kontantdividend van 23.0 sent per gewone aandeel verklaar. Die volgende datums is ooreenkomstig STRATE se vereistes van toepassing:

Laaste dag vir verhandeling cum dividend	Vrydag, 2 Desember 2011
Eerste dag vir verhandeling ex dividend	Maandag, 5 Desember 2011
Rekorddatum	Vrydag, 9 Desember 2011
Betaaldatum	Maandag, 12 Desember 2011

Aandeesertifikate mag nie vanaf Maandag, 5 Desember 2011 tot Vrydag, 9 Desember 2011, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

Geteken namens die raad van direkteure:

E DE LA H HERTZOG
Voorsitter

D P MEINTJES
Hoof Uitvoerende Beamppte

Stellenbosch

8 November 2011

KUNDIGHEID WAT JY KAN VERTROU.

DIREKTEURE:

Dr E de la H Hertzog (*Voorsitter*), DP Meintjes (*Hoof Uitvoerende Beampte*), CI Tingle (*Hoof Finansiële Beampte*), JC Cohen (*Brits*), Prof Dr RE Leu (*Switsters*), Dr MK Makaba, ZP Manase, KHS Pretorius, AA Raath, Dr MA Ramphele, DK Smith, CM van den Heever, Dr CA van der Merwe, Prof WL van der Merwe, MH Visser, Dr TO Wiesinger (*Duits*)

SEKRETARIS: GC Hattingh

GEREGISTREERDE ADRES:

Mediclinic Kantore, Strandstraat, Stellenbosch 7600, Suid-Afrika
Posbus 456, Stellenbosch 7599, Suid-Afrika
Tel +27 (0)21 809 6500 • Faks +27 (0)21 886 4037
Webblad: www.mediclinic.com

OORDRAGSEKRETARIS:

Computershare Investor Services (Edms) Bpk
Marshallstraat 70, Johannesburg 2001, Suid-Afrika
Posbus 61051, Marshalltown 2107, Suid-Afrika
Tel +27 (0)11 370 5000 • Faks +27 (0)11 688 7716

BORG:

Rand Aksepbank (’n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)